

Beleggingskeusevorm: Old Mutual Albaraka Gebalanseerde Portefeulje

'n Shari'ah-beleggingsportefeuljekeuse word beskikbaar gestel vir alle lede van die Stellenbosch University Retirement Fund (SURF) wat hul fondskrediet volgens die beginsels van die Islamitiese geloof wil laat belê. Shari'ah verwys na Islamitiese wetgewing wat onder andere bepaal watter soort beleggings toegelaat word.

Dienooreenkomstig mag 'n portefeulje wat aan Shari'ah-beginsels voldoen, nie beleggings hê in maatskappye waarvan die kernbesigheid by enige van die volgende betrokke is nie:

- alkohol;
- enige nie-halaalvoedsel of -voedingsmiddels;
- rentedraende finansiële instrumente (bv. konvensionele bank- en versekeringsverwante produkte);
- dobbelary of pornografie-verwante dienste en produkte.

Die Old Mutual Albaraka Gebalanseerde Portefeulje

Hierdie portefeulje is meer as vyf jaar gelede deur Old Mutual in vennootskap met Al Baraka Bank en Channel Islam International bekend gestel. Die portefeulje word gemonitor deur 'n onafhanklike Shari'ah Toesighoudende Raad wat uit plaaslike en internasionale Moslem-geleerdes bestaan. Alle beleggingsbesluite word deur die Shari'ah Toesighoudende Raad geëvalueer om seker te maak dat hulle aan Shari'ah-beleggingsbeginsels voldoen.

Die portefeulje bied toegang tot plaaslike en internasionale bateklasse soos aandele, likiede bates en toelaatbare vaste-inkomstebeleggings soos soekoeke (Islamitiese effekte). Rente-inkomste word daagliks uit die portefeulje verwyder en aan die gekose SA Moslem-liefdadigheidstrust geskenk. Nie-toelaatbare inkomste maak dus nie deel uit van die inkomste wat aan lede toegeken word nie.

Die portefeulje voldoen aan Regulasie 28 van die Wet op Pensioenfondse en streef om die beleggingsbestuurder se spesiaal saamgestelde maatstaf oor deurlopende driejaar-tydperke te oortref en terselfdertyd absolute markonbestendigheid te verminder.

Lede wat die Shari'ah-portefeuljekeuse uitoefen, kan nie aan die lewensfase-beleggingstrategie deelneem nie. Lede moet egter kennis neem dat aangesien die portefeulje nie in sekere vaste-inkomstebeleggings belê nie, ontoelaatbare rente wegbetaal en ook beperk word ten opsigte van die aandele waarin belê mag word, die opbrengste nie vergelyk kan word met die opbrengste wat lede in die Groeiportefeulje kan verdien nie. Aangesien die portefeulje ook groter blootstelling aan hulpbronne mag hê, kan die opbrengste onbestendiger as dié van die Groeiportefeulje wees. Lede mag egter enige tyd vanuit die Shari'ah-portefeulje na die lewensfase-beleggingstrategie terugskuif.

Historiese opbrengste is uiteraard nie 'n voorspelling van die toekoms nie, maar bied 'n goeie aanduiding van hoe die fondse in die onderskeie portefeuljes bestuur word.

Die laaste vyf jaar se opbrengste op die Groeiportefeulje en op die Old Mutual Albaraka Gebalanseerde Portefeulje is soos volg:



Hierdie dokument dien as 'n amptelike opdrag aan die Fonds van u beleggingskeuse.

Lid se persoonlike besonderhede			
Titel en voorletters		ID-nr / Paspoortnr	
Volle name en van			
Werknemer nommer			
Kontaknommer	Huis		Sel
E-posadres			

Ek kies om my fondskrediet in die Old Mutual Albaraka Gebalanseerde Portefeulje te belê.

Ek stem in tot die volgende bepalinge en voorwaardes van my beleggingskeuse:	
<input type="checkbox"/>	Sanlam Werknemervoordele sal 'n beleggingsopdrag implementeer wanneer hulle 'n voltooide aansoek in die voorgeskrewe formaat ontvang het, en die lid se versoek om sy/haar eie beleggingskeuse te registreer en die lidmaatskap van die SURF bevestig is.
<input type="checkbox"/>	Ek verstaan dat indien die vorm onvoltooid is of onakkuraat voltooi word, die opdrag nie deur Sanlam Werknemervoordele uitgevoer kan word nie.
<input type="checkbox"/>	'n Beleggingsopdrag sal binne vyf werksdae na ontvangs van die bevestiging geïmplementeer word.
<input type="checkbox"/>	As ek nie binne vyf dae bevestiging van ontvangs gekry het nie, moet ek navraag doen, aangesien my versoek dalk nie ontvang en verwerk is nie.
<input type="checkbox"/>	Stuur asseblief die voltooide dokumente na switch.south@sanlam.co.za of faks na +27 (0) 21 957 3078. Vir navrae oor die vordering van 'n beleggingskeuse-opdrag, skakel die inbelsentrum by 086 678 9900.
<input type="checkbox"/>	Beleggingsverandering is gratis per oorsigjaar.

Ek verklaar hiermee soos volg:

- ① Die inligting wat verskaf is, is waar en korrek.
- ① Ek verstaan dat ek die Stellenbosch University Retirement Fund in kennis moet stel wanneer ek my beleggingskeuse wil wysig.

Handtekening van lid: _____

Datum: _____